

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG

PUBLISHED BY AUTHORITY

30c

Dinsdag 4 November 1980

WINDHOEK

Tuesday 4 November 1980

No. 4312

INHOUD:

Bladsy

CONTENTS:

Page

PROKLAMASIE:

No. AG 63 Wysigingsproklamasie op Kieserslyste vir
Wetgewende Owerhede, 1980 1

PROCLAMATION:

No. AG. 63 Voters' Lists for Legislative Authorities
Amendment Proclamation, 1980. 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE
GEBIED SUIDWES-AFRIKA

(Deur die Staatspresident goedgekeur op 3 November 1980)

No. AG. 63 1980

WYSIGING VAN PROKLAMASIE AG. 22 VAN
1980 TEN EINDE SPESIALE VOORSIENING TE
MAAK VIR BEPAALDE VERKIESINGS

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie
181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in
die Bylae vervat.

D. J. HOUGH

Administrateur-generaal Windhoek, 30 Oktober 1980

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE
TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

(Approved by the State President on 3 November 1980)

No. AG. 63 1980

AMENDMENT OF PROCLAMATION AG. 22 OF
1980 IN ORDER TO MAKE SPECIAL PROVI-
SION FOR CERTAIN ELECTIONS

Under the powers vested in me by Proclamation 181
of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in
the Schedule.

D. J. HOUGH

Administrator-General Windhoek, 30 October 1980

BYLAE

SCHEDULE

Invoeging van artikel 12bis in Proklamasie AG. 22 van 1980

1. Die volgende artikel word hierby in die Proklamasie op Kieserslyste vir Wetgewende Owerhede, 1980, na artikel 12 ingevoeg:

“Spesiale bepalinge vir bepaalde verkiesings

12bis. (1) Benewens die in artikel 12(1) bedoelde afdelingskieserslyste (hieronder die hoofafdelingskieserslyste genoem), stel die verkiesingsbeampte vir elke kiesafdeling 'n aanvullende afdelingskieserslys op wat hy laat druk en waarvan hy voldoende gewaarmerkte eksemplare beskikbaar stel vir gebruik by verkiesings bedoel in Proklamasie AG. 53 van 1980 (hieronder die eerskomende afdelingsverkieing genoem).

(2) So 'n aanvullende kieserslys word by die toepassing van hierdie Proklamasie ten opsigte van die eerskomende afdelingsverkieing geag deel te wees van die betrokke hoofafdelingskieserslys en bestaan uit 'n lys van alle persone —

(a) wat volgens inligting vervat in aansoeke wat voor 30 September 1980 ingedien is, vir die uitreiking aan hulle van identiteitsdokumente —

(i) nie ingevolge artikel 5(1)(a)(i), (ii) of (iii) van die hoofproklamasie onbevoeg is om by 'n verkiesing ten opsigte van die betrokke wetgewende owerheid te stem nie;

(ii) minstens een jaar in die gebied woonagtig is; en

(iii) hul vaste woonadresse in die betrokke kiesafdeling het; en

(b) wie se name nie in die hoofafdelingskieserslyste opgeneem is nie.

(3) Indien daar na die oordeel van die hoofverkiesingsbeampte onjuisthede, gebreke, weglatings of duplikasies in 'n gewaarmerkte hoofafdelingskieserslys of in 'n gewaarmerkte aanvullende afdelingskieserslys voorkom, laat hy so gou doenlik die nodige wysigings daarin aanbring op die wyse wat hy goed ag, hetsy by wyse van 'n wysiging van die betrokke hoofafdelingskieserslys of van die betrokke aanvullende afdelingskieserslys of van albei.

(4) Op versoek van 'n persoon wat, na die oordeel van die verkiesingsbeampte, die verteenwoordiger van 'n politieke party in die gebied is, verstrek die verkiesingsbeampte aan daardie persoon besonderhede van wysigings kragtens subartikel (3) aangebring.

Insertion of section 12bis in Proclamation AG. 22 of 1980

1. The following section is hereby inserted in the Voters' Lists for Legislative Authorities Proclamation, 1980, after section 12:

“Special provisions for certain elections

12bis. (1) In addition to the divisional voters' lists referred to in section 12(1) (hereinafter referred to as the main divisional voters' lists), the electoral officer shall compile a supplementary divisional voters' list for every electoral division, which he shall cause to be printed and of which he shall make sufficient certified copies available for use at the elections referred to in Proclamation AG. 53 of 1980 (hereinafter referred to as the next divisional elections).

(2) Any such supplementary voters' list shall for the purposes of the application of this Proclamation in respect of the next divisional elections be deemed to form part of the main divisional voters' list concerned and shall consist of a list of all persons —

(a) who, according to information, contained in applications submitted before 30 September 1980 for the issue to them of identity documents —

(i) are not disqualified in terms of section 5(1)(a)(i), (ii) or (iii) of the principal proclamation from voting at an election in respect of the legislative authority concerned;

(ii) have been resident in the territory for not less than one year; and

(iii) have their fixed residential addresses in the electoral division concerned; and

(b) whose names have not been included in the main divisional voters' lists.

(3) If there occurs in the opinion of the chief electoral officer inaccuracies, defects, omissions or duplications in any certified main divisional voters' list or in any certified supplementary divisional voters' list, he shall as soon as may be cause the necessary amendments to be made therein in such manner as he may deem fit, whether by way of an amendment of the main divisional voters' list concerned or of the supplementary divisional voters' list concerned or of both.

(4) At the request of any person who, in the opinion of the electoral officer, is the representative of any political party in the territory, the electoral officer shall furnish such person with particulars of amendments made under subsection (3).

(5) Wanneer 'n beswaar kragtens artikel 7(1)(a) teen die opname of behoud van die naam van 'n persoon op 'n hoofkieserslys te eniger tyd gemaak is of word en daardie persoon se naam in 'n gewaarmerkte hoofafdelingskieserslys opgeneem is, kan die verkiesingsbeampte, indien hy oortuig is dat daardie persoon op enige dag waarop hy volgens bedoelde hoofafdelingskieserslys by die een of ander van die eerskomende afdelingsverkiesings kon of kan stem (hetsy as afwesige of spesiale of gewone kieser), nie vir 'n deurlopende tydperk van minstens een jaar gewoonlik in die gebied woonagtig was of kan wees nie, die naam van bedoelde persoon uit bedoelde hoofafdelingskieserslys skrap."

Kort titel en inwerkingtreding

2. Hierdie Proklamasie heet die Wysigingsproklamasie op Kieserslyste vir Wetgewende Owerhede, 1980, en word geag op 29 September 1980 in werking te getree het.

(5) Whenever at any time any objection has been or is lodged under section 7(1)(a) against the inclusion or retention of the name of any person in any main voters' list and the name of such person has been included in any certified main divisional voters' list, the electoral officer may delete the name of the said person from the said main divisional voters' list, if he is satisfied that on any day on which such person, according to the said main divisional voters' list, could have voted or may vote (whether as an absent or a special or an ordinary voter) at any of the next divisional elections, such person was not or cannot be ordinarily resident in the territory for a continuous period of not less than one year."

Short title and commencement

2. This Proclamation shall be called the Voters' Lists for Legislative Authorities Amendment Proclamation, 1980, and shall be deemed to have come into operation on 29 September 1980.